Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

9 November 2022
Nuusbrief No 38

Liewe Ouers,
Dit is jammer dat die kaskardag uitgereën het, die nuwe datum is 24 November. Baie dankie aan die ouers en Ouerkomitee van die Hasie- en Eendjieklasse wat 'n heerlik en suksesvolle Kersmark-koekverkoping aangebied het.

Wespoort Kersmark: Vrydag 11 November 2022:

- Dit is al geruime jare dat Parkieland vir Wespoort kleuterskooltjie ondersteun.
- Ons gee ook daarom geleentheid vir hulle om 'n Vrydag-verkope hier by ons te kom aanbied en sodoende 'n geldjie vir hulle skool in te samel.
- Tydens ons Sertifikaatplegtigheid ondersteun ons hulle ook in die vorm van nie-bederfbare produkte wat ons skenk.

Kuierdag 19 November 2022: 09:00 tot 11:00

- Onthou om die datum oop te hou sodat u ons en die Gr R sentrum kan besoek.
- Ons sal nog die formele uitnodigings stuur.

Sertifikaatplegtigheid: Donderdag 24 November 2022: 18:00

- Hierdie is 'n geleentheid waar ons "formeel" van ons kleuters en ouers wil afskeid neem, en vir oulaas saam piekniek hou.
- Alle kleuters Gr 00, Gr 000 en 2-3 jariges moet asseblief 'n **wit t-hempie** aantrek saam met 'n denim en tekkies of mooi sandaaltjies. Verkieslik 'n lang denim, maar as u nie een het nie, kan 'n kortbroekie ook werk. Moet asseblief nie nuwe klere gaan koop nie.

Die program verloop soos volg:

17:30 – 17:45:	**-**	**Kleuters word by hulle onderskeie klasse afgegee en ouers gaan maak solank die piekniekarea gereed – enige plek op die rugbyveld.**
	-	**Ouers wag buite die klasse tot die klok lui.**
18:00	**-**	**Ouers neem sitplekke in onderskeie klasse in.**
	-	**Verwelkoming en bedankings.**
	-	**Musiekitem deur kleuters.**
	-	**Sertifikaat-oorhandigings.**
	-	**Oorhandiging van geskenkies.**

- **Ouers verdaag en wag op die RUGBYVELD.**
- **Lammetjies en Kalfies se ouers moet asseblief by die kersboom onder by die paviljoen vir hulle kinders wag. Lammetjies en Kalfies sit voor by die paviljoen naby hulle ouers, DIE RES VAN DIE SKOOL OP DIE PAVILJOEN.**
- **Kleuters sing Kersliedere op die paviljoen.**
- **Ouers en kleuters hou piekniek op rugbyveld.**

20:00 - **Funksie word verdaag.**

Indien dit reën sal ons poog om 'n nuwe datum te bepaal.

- Elke jaar wys Parkieland se kleuters dat hulle omgee deur vir 'n behoeftige skool benodigdhede in te samel in die vorm van 'n Welwillendheidskersboom.
- Hierdie jaar ondersteun ons weereens Wespoort se Hasie in die Holte Kleuterskool. Die behoefte lê nie net by die kleuters nie, maar by hele gesinne.
- Die aand van die Sertifikaatplegtigheid bring ouers en kleuters wat hieraan wil deelneem vir ons die volgende items saam en plaas dit onder die Kersboom.:

Pasta	Jellie en vla	Tamatiesous	Stroop
Konfyt	Kaassmeer	Grondboonbotter	Aanmaak koeldrank
Koekies	Lekkers	Chips	Warm Sjokolade
Pakkies sop	Oats	Toiletpapier	Tissues
Jik	Vloeibare Handewasseep		

Blikkies vis, tuna, viennas, sousboontjies, roommielies ens.

Jêmbekkie:
Juffrou Jeanne wys vir een van ons 2-3 Jarige seuntjies een van die dogtertjies in die klas se baba boetie. Hy vra toe vir Jeanne: "Is dit 'n regte een?" Hy sê ook hy hou van babas, maar hy wil nie een by sy huis hê nie!!

Die een Gr 00 seuntjie is baie ontsteld want sy maatjie sê Jesus het 'n "sixpack!" Hy sê hy wéét Jesus het nie een nie!

Mag u 'n geseënde week verder beleef.

Vriendelike Parkie-groete,

♥PARKIES♥GEE♥OM♥

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL

Kersfees kom, Kersfees kom.

Gee aan God die eer.

Skenk ons 'n helder Somerkersfees

In hierdie land, o Heer.

Parkieland is PRET!

Dankie aan al die ouers en kleuters wat die Hasie- en Eendjieklas se koekverkope ondersteun het!